Your wish to have a smaller Power Station than the one for two hundred thousand pounds has not yet progressed to the step for asking what that would cost? --- Ons het nog nie daarop besluit nie, dit is net nog gespreek gewees.

Just talk. --- Hulle het nog nie finaal besluit of hulle gaan staan later op daardie groot skema nie.

My last question, Mr. Joubert, was it really only for industrial expansion this new Power Station, or was it because you noticed that your Power Station is not good enough any more for Nylstroom - what was the reason? --- Meneer die Voorsitter, my Raad se rede is dat as ons vir 'n stoomkragstasie ingaan, dit baie goedkoper gaan wees as wat olie b.v. sal wees. Olie is verbasend duur.

And that the available power generated at present is not big enough? --- Nie op die oomblik nie, Meneer die Voorsitter, ek sal nie met sekerheid kan sê nie, maar ek meen ons het nog 'n surplus van krag.

About 60 k.w.? --- Ja, ek sal nie kan sê wat die surplus is nie.

You would not doubt that? --- Ek is nie op hoogte met die k.w. nie.

Thank you, Mr. Joubert.

MENEER DIE VOORSITTER: Dankie, Meneer Joubert.

DS. VENTER: Meneer die Voorsitter, ek is bly dat ek die geleentheid het om hier te praat namens die Gereformeerde Kerk. Ds. Horak was by die vorige sitting en ek verstaan hy het gespreek namens die Kerke. Ongelukkig was ek nie hier nie, daar was wel 'n plaasvervanger, daar is ek des te meer bly dat ek ook nou weer die geleentheid het. Ek wil 'n paar woorde ter verduideliking van die standpunt van die Kerkraad hier sê, en dit is in verband met daardie eerste en tweede redes deur die Kerkraad, namelik daar sal redes waarom ons dan ondersteun daardie perseel of daardie deel wat die Dorpsraad dan ook aanbeveel. Daar sal onvoldoende skeiding wees tussen die lede van die blanke en die Indiër groepe en dit sal noodwendig wrywing bring op maatskaplik gebied. Die doel van die Wet is tog behoorlike skeiding; en die tweede, volgens die oordeel van die Kerkraad is daar 'n onoorbrugbare kloof tussen die blankes en die Indiërs op sosiaal en godsdienstige gebied.

Ek begin met die laaste, ter verduideliking en uitbreiding. Elke persoon wat Nylstroom sien, nou laas tyd nie soveel nie, maar vroër as u hier kom of hier deur ry dan merk u op hier staan drie kerke op 'n ou klein plattelandse dorpie, bosveld dorpie, soos hier genoem is. Dan is ook deur algar opgemerk van die vroegste tyd dat hierdie klein dorpie het so 'n baie goeie hoërskool. En as die geskiedenis van die hoërskole na sou gegaan word dan sal dit gevind word dat die kerk publiek en die drie Afrikaanssprekende kerke wat hierdie groot geboue het, dat

--- die ---

die kerk publiek, vanuit die verre verlede, selfs toe die Administrasie nie sy weg oopsien of die nodige gelde het om koshuise te laat bou nie, dat die kerk publiek toe die koshuise opgesit het om hulle kinders behoorlik onderwys te gee in hierdie uitgestrekte distrikte. Ek bedoel daarmee dat die kerke en die skole is hier die oorsprong of die oorsaak van hierdie dorp en niks anders nie - geen myn of niks ter wêreld nie - maar Godsdiens en Christelike opvoeding. Dit sit in hierdie kerk publiek en ek mag hier dan - miskien is dit nie nodig nie - meedeel, ek is nou iets oor die dertig jaar predikant hier in Waterberg met my staanplaas op Nylstroom. Ek weet dus waaroor ek praat, wat die bedoeling is van die publiek wat hulle gees, hulle rigting is. En as die Kerkraad dan daardie argument daar sit en ondersteun, naamlik dat daar onvoldoende skeiding sal wees op sosiaal gebied tussen die twee groepe en dat daar onoorbrugbare klowe is tussen die twee groepe, die Christelike publiek en die Indiër groepe, dan weet hulle waarvan hulle spreek en dan is dit uit hulle hart daar hulle reeds daaroor ontsetlik baie bygedra, bygedra vir die Godsdienstige kant en vir die opvoedkundige kant . ou is hulle baie sterk daar oortuig van, dat as dit so sou voortgaan soos dit nou gaan in die laaste tyd, en veral waar ons in 'n vrees ook, waar ons moet verneem dat die Indiër groepe, ons het nou met hulle te doene, dat hulle so, waar hulle nooit eintlik toegelaat is, insover as die publiek weet, direk of hierheen uitgenooi is nie maar dat hulle in 'n sekere sin tog maar ingesypel het, en dieselfde publiek, die mense, die Indiërs,

---- die ----

die staan so taamlik sterk en nie alleen lydelik verset nie maar / ook indruis - en in openbaar pleidooie voer en hulle dring so in in so 'n klein publiekie wat so gestaan het vir Christelike Godsdiens en dan Christelike opvoeding, dan voel hulle onrustig en daardie argument het 'n ontsettende waarde. Dit is ongetwyfeld so. Ek wil u tyd nie opneem nie, maar in die dertig jaar, en veral die laaste tyd, het my eie oë en my eie mond moet waarsku dat dit bots; die kerk publiek het soms nodig om die Christelike publiek te sê, "Kyk, dit betaal nie, 'n verhouding soos hier nou geskep word is nie die regte nie, dit is nie die gees wat uit die Christendom uit kom nie. En dat kleiner, maar dit is tog nie so klein nie, dat ek persoonlik in die verlede moes, as die skole uitkom, vir die ouers, vir die kinders sê, "Moenie baklei nie." Dan sien u staan groepies, dan baklei hulle. Dit is 'n wrywing, hierdie deurmekaar, en hier was nog nooit 'n sekere enkele stem hier in Nylstroom, Waterberg, wat gesê het, "ons wil iets te doen hê met die Indiërs se Godsdiens nie." Ons is nie haters van hulle Godsdiens nie - of liewer gesê ons haat die mense geensins, maar ons wil hul nie daarom misgun of iets minder gun nie, dit laat ons op die oomblik daar, hulle Godsdiens. Maar daarvan is ons oortuig dat dit bots so met die Christelike Godsdiens, dat geleidelik in die onverskillige tyd wat ons leef, wrywing wat selfs sommige mense nie met die beste respek en die hoogste respek het vir Godsdiens nie, dat dit sal al meer en meer wrywing veroorsaak, dit sal bepaald moeilikhede veroorsaak.

--- Dus ---

Dus, Meneer Voorsitter, ons pleit hier en as die Gereformeerde Kerk, en ek glo ek pleit hier namens die blanke publiek van Waterberg dat, om die ding te voorkom, ons is baie onrustig veral as dit so aangedring word. As 'n mens byvoorbeeld sit en luister na vertoë wat gerig word, dan vra u die vraag toe die voorvaders hier gekom het, koors en alle moeilikhede getrotseer het, of hulle verneem het of hulle die Indiër pyp sal kry of verset teen pyp. Hulle moes alles trotseer en waar was toe die minderheidsgroepe wat nou kom indring, waar was hulle toe? Het hulle duim verroer om te help? Nooit nie. En daarom sê ons, "Julle is in hierdie land maar ons sien daar is gevare. Gaan nou eenkant in julle belang en in die blanke belang. Gaan nou een kant." En as daar 'n koste daaraan gebonde is, as die publiek altyd in die verlede vir hulle Godsdiensoortuiging en hulle Christelike opvoedingsoortuiginh en hulle wêreldbeskouing, opgeoffer het om koshuise en kerke te bou soos hier staan, dan sal hierdie publiek dan ook die Munisipaliteit in Nylstroom ondersteun as daar koste moet wees. Maar hulle beginsel, hulle lewensbeskouing is dan meer werd as dalk miskien 'n paar pond wat meer sal wees. Dankie, Meneer die Voorsitter.

MR. LOWEN: Sir, I have been asked by two gentlemen, Mr. Kotze and Mr. De Jager, who, I think have sent in proposals C.2, 3 or 4 or some of them, that they should be afforded an opportunity to address the Committee as well. I am just transmitting their wish, I understand they are both there, I see them sitting there; because they don't know the procedure they have asked me and I told them that if

---- Mr. ---

Mr. Venter is allowed to address, no doubt they will be allowed to address as well. They are both sitting there.

VOORSITTER: Wie is jy? --- Kotze.

VOORSITTER: En wie is die ander persoon? --- De Jager.

Wel, Meneer Kotze, het u nie die ander dag gesê jy wil niks doen nie? --- Ek het dit gesê, maar nou is daar nie meer ꞌn kommissie nie. Ek het gemeen die goverment sal ꞌn spesiale kommissie stuur om net die groepsgebiede te kom maar nou is dit heeltemal anderste. Maar ek sal terugstaan...

VOORSITTER: (Onderbreek) Nee, kom maar as jy ... Ek wil almal hoor, maar... Jy is mnr. Kotze?

P.J.R. KOTZE: Meneer ek het verstaan, ons was hier op ꞌn vergadering een aand toe het ons dit so uiteengesit gekry dat die Regering gaan vir ons ꞌn spesiale kommissie stuur om die groepsgebiede net te kom aanwys en af te sny na bevrediging onder die Indiërs en die publiek hier van Nylstroom. Maar nou lyk dit vir my heeltemal anderste. Nou wil ek graag weet of die plekke al afgesny is en of dit al goedgekeur is van die Indiërs en goedgekeur is van ons publiek. As dit nog nie goedgekeur is nie, dan wil ek graag hê ons moet nou nie net op kerklikheid en Christelikheid staan nie. Daar is darem ꞌn algemeen, sover as die geloof aangaan, in die behandeling soos die Indiërs ons behandel het

--- hier ---

hier, kan ons nie te dood klaag nie. Ek is daarvoor eens, laat ons hulle een kant sit maar ek wil daarom graag weet hoe wyd is die lyn wat ons moet van mekaar af wees. Is daar iemand wat my kan sê hoe wyd is 'n lyn wat die groepsgebiede ons skei?

VOORSITTER: Nee, daarom het ons voorstelle gevra en u het voorstelle ingedien, nou wil ek hê dat jy moet maar voortgaan.

MNR. KOTZE: Maar is 'n straat nie wyd genoeg nie of is dit 'n doring-draad? Ek het gemeen laat ons daarom eerlik en billik wees. Aangesien daar was een tyd 'n priester en daar was 'n Leviet en daar was 'n Samaritaan. Sal ons nie miskien dalk hier onder die Indiërs dalk 'n Samaritaan kry nie? Nou, ek is bang vir sulke dinge. Om moeilikhede voor te wees, sal ek sê kan ons die Indiër gemeenskap dan nie een plekkie aan Potgieterstraat gee dat hulle ook 'n ordentlike lewe kan maak, laat daar dan drade gespan word of wat? Ek het 'n voorstel gemaak daardie tyd, laat ons dit vat van die ou Volkskas na die sandsloot, af na die rivier toe dus die lyn daardie blokkie. Dit meen, in my oog, wil ek nou maar sê, dit is die agterpart van die dorp. Die dorp brei uit na die weste en hy brei uit na die noorde.

VOORSITTER: Jy steun nou daardie voorstel wat jy gemaak het? --- Dit is die voorstel wat ek daardie tyd gemaak het en ek sal nog by daardie voorstel staan om moeilikheid en onkoste voor te wees sal ek baie graag wil weet as die Indiër gemeenskap daarmee sal tevrede wees dan sal ek

--- ook ---

ook daarmee instem. Maar ons kan nie sommer sê, "Loop maar" nie, dan is dit net soos die man wat op die pad doodgeslaan is en ons laat hom daar lê. Of die Indiër gemeenskap moet hulle winkels hier hou en hulle moet net met hulle vrouens en kinders oorkant gaan bly. Dit kan ook gebeur. Ek weet nie wat die opinie is van hulle gemeenskap hier is nie, ek het hulle nooit gevra nie, maar daardie aand, Meneer Hiemstra was hierso en ek het my bes gedoen om darem hulle 'n plekkie aan die groot straat te gee om ook 'n ordentlike lewe, 'n fatsoenlike lewe te kan voer. Sover as ek weet, in die ag jaar wat ek hier woon in Nylstroom ek het nooit gehoor dat een my gehinder het nie of skade aangedoen het nie of in my pad gewees het nie, Ek is 'n paar kere al ook goed gehelp deur hulle, ek moet sê, want ek deel aal die plekke in die dorp. Enige winkel waar ek kom. Maar ek sal sien aan my kant, laat ons 'n bietjie toegewend wees, laat ons nie net sê, "Gooi die mense daar oorkant in die bos en loop julle maar." Maar as ons daardie agter-pad soos ek nou noem, in my oog die agterpart vir hulle gee, dit grens aan die lokasie. My persoonlik - my huis staan so dat ek elke Saterdag en Sondag van die Hof hier sit, sit ek en mense tel wat in die straat loop van die lokasie na Potgieterstraat na die Indiër toe. Dan kry ek 80 naturelle teen twee wit . Dit is al van dat ek hier begin het. Dit is nou iets wat ek spesiaal opgelet het. Ek sit my stoel daar en ek tel presies tagtig teen twee. Nou waarom kan ons dat daar

--- nie ---

nie daardie stukkie grond aan die lokasie gee en dan heeltemaal tevrede wees, dan het ons niks met hierdie pype te doen nie, niks met elektrisiteit en niks met strate nie, alles is klaar.....

DR. VAN BILJON: Mnr. Kotze, waar is daardie lokasie wat u nou van praat? --- Dit is die lokasie, dit is die kafferlokasie daaronder.

DR. VAN BILJON: Hulle is tog nou vêr van die lokasie af? --- Ja, maar dit is die loop-pad. Dit is al die pad wat daar is. As u miskien die posisie ken, Meneer die Voorsitter, dan sal u sien dat u hier van die Volkskas af na die sandsloot toe, dit is die enigste loop-pad wat deurloop na die lokasie toe. Al die taxis en karre en transport gaan alles met daardie pad deur na die lokasie. Dan is ons ontslae van die hele moeilikheid.

VOORSITTER: En u reken, waar moet ons die Asiaat sit? --- Van die ou Volkskas af - wat is die straatjie?

VOORSITTER: (Onderbreek) Van die ou Volkskas? --- Die ou Volkskas hier anderkant die Nasionale Bank tot na die sandsloot toe. Nou, daardie blokkie af tot aan die rivier. Ons gaan dan nie die rivier deur nie ons bly op daardie blokkie, dan het hulle die groot pad van daardie blokkie na die lokasie toe, dan grens die twee seksies, sal ek nou maar sê, aan mekaar. Ek weet nie of julle tevrede daarmee kan wees nie, maar ek sien nie kans om al daardie duisende ponde te gaan spandeer vir nuwe pype, paaie maak, dertig-duisend pond, waar ons die paaie het en ons het die draad en die elektrisiteit en alles is daar. Kan ons dan nie maar net daardie stukkie

--- grond ---

grond afstaan nie? Dit is baie goedkoper? Ek dink, Meneer die Voorsitter, julle moet daaroor dink.

VOORSITTER: Dankie, mnr. Kotze. Mnr. de Jager, u het 'n voorstel ingedien, nie waar nie? --- Ek het 'n voorstel ingedien.

VOORSITTER: Nou goed, ons sal luister wat u te sê het.

MNR. DE JAGER: Ek sal baie graag net van die geleentheid gebruik wil maak, aangesien dat dit vir my onmoontlik was met die eerste geleentheid om kommentaar te lewer oor die voorstel wat ek ingedien het, sou ek net graag, soos die laaste spreker reeds verduidelik het. Ek wil net my voorstel - dit is, volgens die spreker verduidelik het, is dit ook dieselfde voorstel - of nagenoeg omtrent dieselfde voorstel wat ek ingedien het, en ek het gemeen dat aangesien daardie gedeelte van die dorp feitlik die swakste gedeelte van die dorp is sover as blanke uitbreiding aanbetref en dat om te verhoed dat ons die Indiër gebied, byvoorbeeld, aan die hoofpaaie, soos die pad na die noorde en aan die hoofstrate het nie, het ek in my insiens gemeen dat dit een van die mees geskikste gebiede is om die Indiane te plaas aangesien ek verneem het dat die Munisipaliteit reeds in die gedagte gehad het om hulle in daardie rigting te skuif, het ek gemeen dat dit darem net meer regverdiger sal wees as hulle ook sover as hulle handeldryf aanbetref die reg sal hê om 'n bietjie nader aan Potgieterstraat toe te kom en die residentiële gebied dan aan die oorkant van die rivier te hê.

---DR. VAN BILJON: En ---

DR. VAN BILJON: En Collinstraat, wil u dan hê hulle moet pad gee? --- Dit is die gedagte, ja.

En wat word van hulle moskee, wat stel u voor? U weet dit is hier aangevoer dat die moskee en die skool is daar? --- Ja, wel ek sal voorstel dat daardie ook dan sal skuif na die gebied wat hulle dan aangewys is om ons dorp skoon te kry, dat hulle dan op een plek gesentraliseer is en nie versprei is deur die hele dorp nie. My gedagte was dan reeds om hulle weg te kry van die kerke en die hoof-punte van ons dorp en hulle op een hoek gesentraliseer te kry aangesien ek wil ondersteun die laaste spreker wat sê die toeloop en die deurloop vanaf die lokasie daarvandaan hierheen is geweldig baie op hierdie onderste gebied wat feitlik baie min blanke uitbreiding het, feitlik geen nuwe uitbreiding nie. Enige persoon wat 'n nuwe huis bou in die dorp bou hom in die nuwe uitbreiding. Daar is hoegenaam [illegible] niemand bereid om geld te spandeer in hierdie onderste gebied, dit is feitlik die swakste deel wat blanke uitbreiding aanbetref, en ek dink dit sal baie voordelig vir die dorp wees om van daardie omgewing 'n nuttige gebruik te maak onder omstandighede. Ek wil amper sê dat die nuwe voorstelle aan die anderkant nog in die nabye toekoms miskien baie beter en 'n baie gunstige uitbreiding vir blanke gebied sal wees as om dit in 'n Indiër gebied te omskep. Dit is al wat ek het om te sê.

DR. VAN BILJON: En sê my net, vir my inligting, wat doen u, mnr. de Jager? --- Ek is 'n boer in die distrik.

MNR. BOSHOFF: Ek sal ook graag 'n paar woorde wil sê.

VOORSITTER: Namens wie wil u praat, mnr. Boshoff? --- Ek wil namens die Dorpsraad praat.

VOORSITTER: Nee, ek is jammer ek kan u nie toelaat nie.

12.40 Verdaag tot 2 uur.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

***PUBLISHER:***

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.